



eduresourceza.com

TEKS 1A

Is ons te doof om te hoor wat seuns sê?

- 1 My Nuwejaarsvoorneme is om minder bevooroordeeld en stiksienig te wees – oper vir nuwe idees en om te leer van ander.
- 2 Dis met hierdie voorneme in gedagte dat ek deesdae hard probeer om my jonger huisgenote se liefde vir rap en hip-hop te verstaan. Daarom luister ek en vra uit. Dis moeilik. Maar ook insiggewend.
- 3 So vind ek die afgelope week uit dat die "beste *song* ooit" 'n nommertjie is met die titel "No Role Modelz" deur J. Cole. (Ja, ek het seker gemaak, volgens my kenner en raadgever is die beskrywing "beste *song* ooit" geen hiperbool nie. Dit is onbetwisbaar en ongetwyfeld die musiekhoogtepunt sedert die moderne era in 1954 ingelui is met Elvis Presley se "That's All Right Mama").
- 4 Ek sou nie so ver gaan om "No Role Modelz" as 'n *catchy tune* te beskryf nie – daarvoor is ek te diep ingebed in 70's ruk-en-rol, maar ná 'n paar keer se luister moet ek erken dat Cole se lirieke nie sonder meriete is nie.
- 5 Soos die titel suggereer, gaan dit oor 'n jong rapper se versugting na betekenisvolle verhoudings en die feit dat 'n fiktiewe TV-karakter sy enigste noemenswaardige manlike rolmodel was toe hy klein was.
- 6 Die meisies wat by hom aanlê, is ook duidelik net agter sy roem en geld aan.
- 7 Dis 'n tema wat homself keer op keer herhaal – veral in Amerikaanse hip-hop. Wanhoop, verlies, bitterheid en uitsigloosheid. Die staat en polisie is jou vyand en geweld is te dikwels die enigste uitkoms.
- 8 En vroue? Hulle is daarop uit om jou te verneuk en te verneder.
- 9 So waarom dan, begin ek wonder, spreek hierdie musiek soveel meer tot seuns as meisies? Amper twee keer meer mans luister na hip-hop as vroue, alhoewel die gaping aan die krimp is. Ook die kunstenaars is oorwegend mans. In *Rolling Stone* se lys van die top-20 beste hip-hop-albums van alle tye is daar net twee deur vrouekunstenaars.
- 10 Verlede jaar se matriekslaagsyfer is pas bekend gemaak.
- 11 Soos gewoonlik het die regering groot gewag gemaak van die feit dat die uitslae elke jaar verbeter. Maar onder al die hiep-hiep en hoerê lê 'n aaklige waarheid verskuil.
- 12 Die uitslae – wat seuns betref – is besonder beroerd. Net 46% van matrieks wat verlede jaar geslaag het, was seuns. Seuns sukkel nie net meer om matriek deur te kom as meisies nie, hul kanse om skool te verlaat voor gr. 12 is ook baie groter.
- 13 Daar is ook meer seuns as meisies wat 'n jaar moes herhaal voordat hulle tot in gr. 12 gevorder het, met die gevolg dat daar baie meer jong mans tussen 20 en 22 op die skoolbanke sit as meisies. So, terwyl politici groot gewag maak van die feit dat baie meisies nie hul skoolloopbane kan voltooi nie omdat hulle swanger raak, is dit seuns wat 'n baie groter kans staan om êrens langs die pad uit die skoolbus te val.

- 14 Daarmee wil ek natuurlik nie sê dat tienerswangerskappe en die impak wat dit op meisies se opvoeding het nie belangrik is nie. Inteendeel.
- 15 Maar het jy al ooit gehoor dat enige politikus vra of daar nie dalk 'n verband bestaan tussen die onaanvaarbare hoë vlakke van tienerswangerskappe en die feit dat so baie seuns nie op skool is nie? Kan dit dalk wees dat die beste manier om 'n meisie teen 'n onbeplande swangerskap te beskerm, is om te sorg dat sy én haar *kêrel* agter die boeke eerder as in die kooi is?
- 16 In sekere kringe het dit egter deesdae mode geword om seuns (en mans) as die probleem te sien, eerder as die oplossing vir die probleem. Is dit nie waarom hulle so hopeloos voel, waarom hulle aanklank vind by gewelddadige musiek wat 'n distopiese wêreld skets waarin vroue net daar is om te verneder (uit wraak omdat hulle jou verneder het) en waarom hulle 'n heldeverering ontwikkel vir mense in blink karre, goue ringe en met twyfelagtige sakemodelle?
- 17 Miskien wil hulle vir ons iets sê, maar ons is te doof om te hoor.
- 18 J. Cole, het ek intussen tot my verbasing uitgevind, is *after all* nie so 'n sleg ou nie. So byvoorbeeld is een van die projekte van sy Dreamville-stigting 'n boekklub vir jong seuns en hy organiseer ook 'n skryfkompetisie, die "Nobody's Perfect Writing Contest".
- 19 In 2014 het hy die huis waarin hy grootgeword het en wat die bank jare tevore van sy enkelma teruggeneem het, gekoop en omskep in 'n tuiste vir enkelma's sonder 'n heenkome. 'n "Role Modelz", dus, wat die naam van sy groot treffer waardig is.
- 20 Nou moet ek nog net leer om van sy *beats* ook te hou ...

[Effens verkort uit: Malan, P. 2023. Is ons te doof om te hoor wat seuns sê?

Aanlyn beskikbaar by: <<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/pieter-malan-is-ons-te-doof-om-te-hoor-wat-seuns-se-20230205>>. Datum van toegang: 5 Februarie 2023]

TEKS 1B

Pop, Rock of Rap? Musieksmaak regoor die wêreld

Resultate van 'n opname waaraan 1,800 – 9,200 luisteraars na digitale musiek (18–64 jaar oud) uit 21 lande in Januarie – Desember 2022 deelgeeem het, toon:



[Bron: Aanlyn beskikbaar by: <<https://www.statista.com/chart/25488/musical-genre-taste-around-the-world/>>]

Datum van toegang: 26 April 2023

Vry vertaal]

TEKS 2A

Ecce Homo

- 1 Wat het hom tog besiel om te wíl
- 2 regopstaan? Kierts! Tog nie net
- 3 dors na kennis, die bykom van 'n appel
- 4 bo-aan 'n baie groot, sugtende boom nie?
- 5 Handeviervoet sou hy ook, op 'n lei,
- 6 kon leer lees en skryf het, later
- 7 die relatiwiteitsteorie vinger-in-die-sand
- 8 kon uitgewerk het, en uitgegee het
- 9 (want waarvoor?) met minder rugkwale.
- 10 Handeviervoet kan jy godsdienst beoefen,
- 11 loer in 'n mikroskoop, klavier speel,
- 12 beelde boetseer, op jou rug rol om plafonne
- 13 te beskilder, weer omrol en van jou steiers
- 14 afklouter, fronsend, ingedagte, honger.
- 15 Handeviervoet is eet en drink speletjies,
- 16 paring vanselfsprekend. Alles gaan.
- 17 Net toneel speel, lyk dit my, sou bedenklik
- 18 ingewikkeld, haas onmoontlik en regtig
- 19 lagwekkend wees. Regtig. 'n Kruipende
- 20 Faust. 'n Klutaimnestra met swengelende
- 21 borste. Nee! Drama wil hoog reik!
- 22 Daar staan hy nou met sy weekdele bloot,
- 23 die mens, die sot, die groot toneelspeler.

– Wilma Stockenström –

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel twee)*.
Kaapstad: Tafelberg]




[Aanlyn beskikbaar by: <https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Ecce_homo_by_Antonio_Ciseri.jpg>,
datum van toegang: 29 April 2023]

TEKS 2B**My meisie se wange is sterkoningappels**

- 1 My meisie se wange is sterkoningappels
- 2 syt ook nog anner appelgeid
- 3 maar dit is ek nou kwyd
- 4 sys kwaad vir my en noudit uit
- 5 ek het mos onlangs Sewe Dae lank
- 6 gaan kuier in Jeroen se Lekkertuin
- 7 'n geitjie het my meisie dit vertel
- 8 en noudit ek haar en ook haar appels kwyd
- 9 (die storiemakers sê dit is maar goed so)
- 10 ek skaam my dood oor my besoek
- 11 van Sewe Dae aan Jeroen se Tuin
- 12 nou staan my ghremmer noudit ek desperaat
- 13 wat mag 'n mens oor Lekker dink en praat
- 14 wat mag jy wens en skryf en wat moet jy laat
- 15 by predikante professore soek ek raad
- 16 van Pontius na Pilatus vannie wal innie sloot
- 17 ek wens ek wens dat iemand my kan sê
- 18 wat is aksenawel tog die hoogste waarde
- 19 wat is betaamlik waar begin die kwade
- 20 daar is so baie Lekkertuine op dees aarde
- 21 nou staan my ghremmer noudit ek desperaat

– Boerneef

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel twee)*.
Kaapstad: Tafelberg]



[Aanlyn beskikbaar by:

<<https://www.britannica.com/topic/The-Garden-of-Earthly-Delights-by-Bosch>>

datum van toegang: 29 April 2023]

TEKS 3A

In die nag het ek Jou naam geroep

- 1 in die nag het ek Jou naam geroep
- 2 uit 'n stad grou van verrotting
- 3 het Jy gekom
- 4 deur die roetstrate van Langa
- 5 oor die roesdakke van Khayelitsha
- 6 verby die krotjies van Imizamo Yethu
- 7 het Jou asem soos 'n ruiter gejaag
- 8 en die berge het gehurk
- 9 en die lug was broos gekneus
- 10 soos 'n bloukol wat verkleur
- 11 in die nag het ek Jou naam geroep
- 12 en die klank het 'n veldbrand versprei
- 13 oor die Twaalf Apostels se nekke
- 14 was die reuk van vlamme
- 15 en kraakdroë blare
- 16 en boomskelette
- 17 had die vorm van engele
- 18 toe Jou naam
- 19 soos 'n vuurklip
- 20 uit my mond uit vlieg
- 21 in die nag het ek Jou naam geroep
- 22 toe die Aprilwind die bas van die bome skil
- 23 en die vloere taai was van bloed
- 24 en bloed teen die kosyne
- 25 het Jy na my gestorm
- 26 oor 'n see van wolke
- 27 met blitse in Jou oë
- 28 Jou baard en hare
- 29 vol vroegherfsreën
- 30 Jy het gekom
- 31 uit alle windrigtings
- 32 driftig soos 'n bruidegom
- 33 met 'n kleed van weerlig
- 34 oor die skouers
- 35 oor plooiberge en stapelrots
- 36 het Jy gejaag
- 37 asof die sterre val
- 38 in die nag
- 39 toe ek Jou naam roep
- 40 en Jy sidderend van liefde
- 41 inskuif

42 tussen my nagrok
43 en drie rowers
44 wat op die vlug slaan
45 voor die dertien letters
46 van Jou naam

— Carina Stander

[Bron: Stander, C. 2006. *Die vloedbos sal weer vlieg*.
Kaapstad: Tafelberg]

eduresourceza.com

TEKS 3B**Verse**

- 1 met waterstewels wandel Pa
- 2 deur die murg en been van sy grond

- 3 roerend soos die fluitlied van 'n herder
- 4 is die paadjies wat swenk
- 5 deur afgeleë boorde
- 6 waar 'n boer en boerin gesels met hande
- 7 en luister hoe 'n trop nat sterte swaai
- 8 op dae van sappige stingels
- 9 staan die weiding heuwelhoog
- 10 en die melkkoei
- 11 nou reeds horingoud
- 12 lui haar klok uitbundig
- 13 wanneer 'n nagaap
- 14 bolmakiesie deur die lug

- 15 maar drie-uur in die môre lui die beesklok in my stadshuis
- 16 vasgesweis aan die ploegstoel wat ek vir Pa gemaak het;
- 17 met wyd oop oë hoor ek hoe my geliefde kreun
- 18 onder die vuiste van drie inbrekers:
- 19 nou spuit sy long 'n bloedige trompet
- 20 nou fluit die keep op sy kop soos 'n kloof
- 21 nou groei daar dorings op die beesvel van ons trom
- 22 sonder musiek met oral die bulkende vrees vir bedreiging
- 23 sodat ek wil vlug na die plaas van my geheue
- 24 waar die kraal douklam is en asemwarm in die oggend

- 25 hier sal ons weer melkkanne dra
- 26 die klossiegras sal my onthou
- 27 my geliefde sal terugkeer na die soetdoringboom
- 28 wat bros gom drup uit haar stam
- 29 die nagapies sal weer amber suig
- 30 en die boerin sal biddend boorde snoei
- 31 met die beeste stertswaaiend in bloubuffelgras

- 32 Pa sal sy stewels skoon skop teen 'n paal
- 33 en weer die ruigtes na die kraal
- 34 oopfluit: *nader my God by U steeds naderby*
- 35 tot aan die einde van alle vrees
- 36 waar ons ons boerse liefdes benoem:
- 37 Pa, sy verskalwers
- 38 en ek, my verse

— Carina Stander

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel drie)*. Kaapstad: Tafelberg]

TEKS 4A

Hoe geseënd is ons lede van die 44

Tom Ferreira, Kaapstad

- 1 Hoe jammer tog dat net 44 mense bevoorreg is om ons wondersoete taal te praat.
- 2 Want sien, daar is nie nog 'n taal wat kan spog met heerlike woorde soos boeglam, bollemakiesie, ginnegaap, melkskommel, mengelmoes, smoelneuker, spookasem, swierbol, tierlantyntjies, tjankbalie, trapsuutjies, trietsig of voetstoots nie.
- 3 Net in Afrikaans kan 'n boef ook 'n glyjakkals, lieplapper, damduiker, kanaalbabber, maaifoedie, ploert, rampokker, skobbejak, booswig, uitvaagsel, swernoot, walgwors, misbaksel, leegloper, skurk, gomtor, teertou, skarminkel, teertang, moegoe, sloddervos, ghwar, fieta, honjo of somer net 'n urk wees.
- 4 Wanneer 'n vabond, swerkater, rakker, snuiter, deugniet, bullebak, hierjy, onnut, japsnoet of niksnuts hom wangedra, 'n vloermoer gegooi het of onhebbelik is, is hy in die verknorsing en moet hy maar sy vere reg skud vir 'n skrobbering, oorveeg, oorkonkel, opstopper of somer net 'n snotklap.
- 5 Charlize Theron kan dalk 'n uitstekende aktrise wees, maar sy kan nie in Engels padkos in haar vuurwa laai nie.
- 6 'n Hond kan ook nie in Engels onderdeur die tafel kruip nie, 'n leeu kan nie sy stert kwispel of swiep nie en wanneer iemand van Brittanje "fed up" is, is hy nie naastenby so in der dagen toe sat en tot boordens toe gatvol as 'n Boerseun nie.
- 7 Die lekkerste sêgoed steek veral kop uit wanneer ons groepie van 44 te diep in die bottel gekyk het, die elmboog te hoog gelig of die mannetjie met die kurkhoed gesoen het. Dan raak ons mos gekoring, gekletter, geswael, besope, so warm soos 'n alarm, getoor, beskonke, geswaai, gekettie, gepleister of plein gesuip.
- 8 Wanneer ons eers te ver heen, oor die limiet, blink geskink, voor in die koor, fyn gesny, hoog in die takke of op 'n stasie is, begin ons twee rye spore loop, ons voetwerk laat ons in die steek of ons ontwikkel 'n krappiestappie of 'n lastige systappie.
- 9 Hoe geseënd is ek nie om 'n lid te wees van dié gesogte groepie van 44 nie!

[Aanlyn beskikbaar by:

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/hoe-geseend-is-ons-lede-van-die-44-20221129>,
laaste datum van toegang: 30 April 2023

TEKS 4B



TEKS 4C



[Aanlyn beskikbaar by:

<<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/kyk-ons-is-dalk-net-44-maar-ons-is-vrek-snaaks>>
Laaste datum van toegang: 30 April]

TEKS 4D



Kultuurtaal

Dalk ontsnap jy graag tussen die blaaië van 'n Afrikaanse boek en is die kunstefeeste van die hoogtepunte van jou jaar.

Miskien vertroos *Klein Tambotieboom* se lirieke jou wanneer jou emosies laag lê of kletsrym jy saam met HemelBesem ...

Dalk skaterlag jy vir Nataniël se droë humor en geniet jy sommer net Kobus Galloway se nuutste strokiesprente. Hoe dit ook al sy, Afrikaans is meer as net 'n taal – dis braai, dis biltong, dis die belewenis van saam kuier – dis 'n leefstyl. Dis jou Afrikaans. Dis **#onmisbaar**.

AFRIKAANS.COM

f YouTube Instagram Twitter

[Bron: Rooi Rose, Oktober 2017]

TEKS 5

LEERLING GEE RIGTING AAN SY DROME

'n Jong boer op Keetmanshoop is reeds hard aan die werk om sy boerdery op te bou.

- 1 Jurgens Coetzee is 'n graad 10 leerling aan Keetmanshoop Privaatskool (KPS) wat reeds op die jong ouderdom van 16 sy passie vir boerdery uitleef.
- 2 Tans boer hy met bokke op hul plaas wat 15 km buite Keetmanshoop geleë is en sê hy het aanvanklik met net vyf bokke begin. Sy vee het reeds tot 40 ooie en een ram toegeneem.
- 3 Coetzee wil aanhou **doen wat hy doen** sodat hy vir ander kan wys jy is nooit te jonk om boerdery en landbou op te neem nie.
- 4 "Jong mense moet nie wag tot hulle klaar is met skool om in 'n landbourigting te beweeg of boerdery op te neem nie. Jy kan klein begin en dit bly groei," sê dié jong boer.
- 5 Coetzee glo daarin om inisiatief te neem elke geleentheid aan te gryp wat die lewe hom bied en oplossings te vind wat nie net vir homself kan help nie, maar ook sy gemeenskap. Coetzee het ook reeds sewe klein boompies in sy straat waarvoor hy ook water gee, geplant.
- 6 Hy is iemand wat in enigiets wat met landbou of boerdery te doen het, betrokke sal raak, sê me. Mia Nolte, een van Coetzee se onderwysers.
- 7 Coetzee hoop om ander jongmense aan te moedig om ook so gou as moontlik hul drome en passies na te jaag.



[Verwerk uit: Joseph, E. Leerling gee rigting aan sy drome. In *Namibian Sun*, 1 Desember 2020]

TEKS 6

'Identiteit lê nie in punte, prestasies en opinies nie'

"Geloof is 'n onlosmaaklike deel van wie ek is. 'n Anker wat my geleer het om te fokus op dit wat in my hand is en dan my beste daarmee te doen. Geestesgesondheid is 'n brandpunt van ons tyd. Dit is só nodig om jongmense toe te rus om na hul liggaam, siel én gees om te sien," sê Johané. Fritz glo in 'n roepingsgedrewe lewe waarin 'n mens moet (terug)gee. "Elke dag bevat 'n stukkie Jesus. Wees en lééf daardie stukkie en deel dit uit dankbaarheid met dié om jou."

Johané Fritz (Foto: Verskaf)




"Matriek is die begin van 'n splinternuwe en opwindende lewensreis. Jy kry jou bestuurslisensie, betree die volwasse wêreld en kry hope verantwoordelikhede by. Deur dit as 'n nuwe begin te beskou, ontsluit 'n mens nuwe energie, motivering en dryfkrag. Ek het soggens eers in die natuur met my hond gaan stap en genoeg stil tye geskep om myself te herinner aan wat ek vandag in geloof kan baasraak. 'n Mens het af tye nét so nodig soos druk tye – in elkeen leer 'n mens iets oor jouself en staal dit jou vir die lewe."

Nico Olivier (Foto: Verskaf)



"Helpmekaar het 'n baie vol program en 'n mens leer gou dat tydmors jou niks in die sak bring nie. Trouens, deur behoorlik te beplan, haal jy baie spanning van jou skouers af. Voor jy jou oë uitvee, is 'n toetsreeks, hokkietoernooi en skoolfunksies in een week heeltemal haalbaar. Matrieks moet weet dat dit oukei is om foute te maak. Onthou, punte en prestasie is vlietend, maar die herinneringe wat 'n mens maak, kan niemand van jou wegneem nie. Maak daarom die beste van elke oomblik."

Keira Lombard (Foto: Verskaf)



Vir Xander Nel staan die dissipline wat koshuislewe hom geleer het, uit. "Ek was nie die fluksste leerder nie, maar het gou geleer om die vaste studietye uit te koop. Avontuursport waar spanne moet fietsry, met 'n kano vaar en draf – en spesifieke punte met behulp van 'n kaart bereik - het my denke verskerp, my planmatig leer dink en ek het later geleer dat jy, deur net in die klas op te let, die meerderheid werk grootliks onder die knie kan kry sonder soveel studiespanning."

Xander Nel (Foto: Verskaf)



"Dit is glad nie waar dat as jy 'n skip gemis het, 'n geleentheid vir goed verby is nie. As jy hard genoeg werk, kan jy jou eie toekoms op enige plek skep en in enige omstandighede aanpas. Ons kla hopeloos te veel en hardloop as deel van 'n emigrasie-pandemie te vinnig weg op soek na groener weivelde. Ons is dikwels te bang om norme en konvensies te bevraagteken en stroomop te swem. Dis óns verantwoordelikheid om vas te byt en oplossings vir probleme te soek – net daar waar jy is."

Reyneke Jacobsz (Foto: Verskaf)

[Verwerk uit: Brand, D. 2023. Identiteit lê nie in punte, prestasies en opinies nie.] [Aanlyn beskikbaar by: <<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/identiteit-le-nie-in-punte-prestasies-en-opinies-nie>>, laaste datum van toegang: 25 April 2023]